Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

20.09.2024
07 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. SKOOL

1.1 BELANGRIKE DATUMS

27 Sept	Landloop: SA's tot 29/09 in Noordkaap.
30 Sept	Koshuis open: 14h00.
1 Okt	Skool open.
4 Okt	Rapporte na leerders.
5 Okt	Krieket Kwartfinaal.
12 Okt	Krieket Semifinaal.
14-16 Okt	VLR-kamp.
22 Okt	VLR Onderhoude.
24 Okt	Skoolverlatersfunksie.
4 & 6 Nov	Jaar 4 Sentrumeksamens.
8, 11, 12, 13 & 14 Nov	Jaar 4 Akademiese Eksamens.
14 Nov	Prysuitdeling.
12 & 13 Nov	Sentrumeksamens O1 – J3
18-21 Nov	Akademiese Eksamens O1 – J3

1.2 SKOOLREKENINGE

U kind het vandag 'n skoolrekening ontvang. Gaan dit asb noukeurig deur. Ons wil 'n vriendelike, dog dringende versoek rig dat u asb op datum moet bly met die betalings van skoolgelde. Name van ouers, wat agterstallige rekeninge het, sal aan Prinsloo Prokureurs oorhandig word vir skuldinvordering.

Graag wil ons dié ouers wat gereeld betaal en op datum is, bedank. Ons opregte waardering daarvoor.

1.3 SIEKNOTAS

Indien u kind siek is en nie skool bywoon nie, moet u asb 'n sieknota op dieselfde dag deurstuur na die skool per e-pos by info@jimvantonder.co.za. Neem asb kennis dat indien daar assesserings, toetse of eksamens geskryf word op die betrokke dag, en die skool nie 'n sieknota ontvang nie, 'n 0-punt toegeken sal word.

1.4 LANDLOOP

Die volgende leerders is gekies vir die Mpumalanga Landloopspan. Baie geluk.

Melusi Mhlongo
Hleloluhle Nkosi
Hope Madonsela
Sipho Nhleko
Monique Rafferty
Tebogo Motaung

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.

1.5 KRIEKET

Die volgende leerders is gekies vir die Mpumalanga Krieketspan. Baie geluk.

Owam Javu
Sizo Nkosi
Tiardt Wirths

1.6 SOKKER

Die volgende leerders is opgeneem in die Mpumalanga provinsiale sokkerspan. Baie geluk.

Dogters	*Seuns*
Angel Khoza	Mongezi Qometa
Owethu Mbatha	Lefah Napjane
Latoya Witbooi	Sabelo Mabena
Monique Rafferty	Thato Chwene
Amahle Nkosi	Junior Maseko
Angela Fertuin	Treasure Sibanyoni
Tshwarelo Mathonsi	Siphesihle Skosana
	Nkosinathi Malomane

1.7 SOMERSKLEREDRAG

<table>
<tr><th colspan="4">Skooldrag vir die Somer</th></tr>
<tr><th colspan="2">Dogters</th><th colspan="2">Seuns</th></tr>
<tr><td> </td><td>Grys 6-baan skoolromp.

Wit oopslaan hemp.
(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)

Kort wit sokkies.

Swart skoolskoene.

Swart en geel moulose skooltrui.

Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal.

Slegs 6-baan skoolrompe is toelaatbaar.

Lengte van romp: soomlyn gekniel 10cm van vloer.</td><td> </td><td>Grys kortbroek / Langbroek.

Wit oopslaan hemp.
(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)

Swart / grys skoolkouse.

Swart skoolskoene.

Swart en geel moulose skooltrui.

Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal.</td></tr>
<tr><td colspan="4">Koste vir items wat by die skool aangekoop kan word:

Das R 100.00
Moulose trui R 160.00
Skooltrui R 170.00</td></tr>
</table>

1.8 SKOOLFOTO'S

Alle bestellings vir skoolfoto's sluit op 1 Oktober 2024. Elke A5 foto kos R40 en foto's moet betaal wees voordat dit gedruk gaan word.

1.9 SUPERKIDS

Die volgende leerders is as Super Kids vir Kwartaal 3 gekies. Baie geluk.

Kategorie 1: O1 Leerders	Clement Ngwenyama	1A
Kategorie 2: O2 Leerders	Nqobile Maphosa	4A
Kategorie 3: Jaar 1 Leerders	Letho Matsheka	5A
Kategorie 4: Jaar 2 Leerders	Dorselba Fertuin	6B
Kategorie 5: Jaar 3 Leerders	Nadia Nel	11A
Kategorie 6: Jaar 4 Leerders	Sali Nkosi	16B
Kategorie 7: VLR-Lid	Methilda de Waal	13B
Kategorie 8: Koshuis Dogter	Angel Khoza	13A
Kategorie 9: Koshuis Seun	Treasure Sibanyoni	14B

2. KOSHUIS

2.1 HANTERING VAN PROBLEME

Mnr. Sibanda hanteer nou die daaglikse dissiplinêre probleme. Indien daar ernstige sake is, sal dit met Mnr Bornman bespreek word sodat hy dit kan hanteer.

Indien u kind enige probleme by die koshuis ondervind, moet dit dadelik gerapporteer word, sodat ons dit onmiddellik kan hanteer. Hoe gouer u kind 'n probleem rapporteer, hoe gouer kan dit opgelos word. Daar is elke dag 2 mans en 1 dame aan diens by die koshuis by wie probleme aangemeld kan word.

2.2 ROOK

Indien u as ouers die leerlinge toelaat om by die huis te rook, vererger dit die huidige probleem. DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. "Vape" raak 'n baie groot en ernstige probleem in die koshuis. Baie leerders beweer dat hulle ouers hulle voorsien van die "vapes". Dit is 'n oortreding van die Rookwet en dus sal daar baie ernstig teenoor die leerders opgetree word. Kan u as ouers ons asb ondersteun in die saak.

2.3 SIEK LEERLINGE

Dit gebeur al hoe meer dat siek kinders op 'n Sondag en Maandag by die koshuis arriveer. **Moet asb. onder geen omstandighede u kind koshuis toe stuur op 'n Sondag indien hy/sy siek is nie. Ons gaan van u verwag om u siek kind te kom haal.**

2.4 MEDIKASIE

Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie. Dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet word, indien dit nie daarop aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

2.5 SKOOLDRAG

Kan u as ouers asseblief help en seker maak dat u kind met die korrekte skooldrag terugkeer na 'n naweek. Baie kinders kom met 'n verskoning dat die skoolskoene en klere by die huis vergeet is; dan loop hulle die hele week met verkeerde klere. Dankie vir u ondersteuning.

2.6 KOSHUISGELDE

Koshuisgelde is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7de van elke maand betaal wees. Leerders wie se koshuisrekening agterstallig is, sal nie in die koshuis toegelaat word voordat die rekening op datum betaal is nie. Neem asb kennis dat alle rekeninge tot einde September 2024 op datum betaal moet wees om toegang tot die koshuis te kry op 01 Oktober 2024.

2.7 KOSHUIS BANK DEPOSITO'S

Daar word tans heelwat deposito's gedoen met geen of verkeerde/onbekende verwysings. Indien u 'n deposito doen en die verwysing is verkeerd, gaan ons nie die inbetaling na u rekening kan kanaliseer nie en gaan u rekening dus as agterstallig reflekteer.

2.8 BELANGRIKE KOSHUIS KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987
		017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**
Dissipline	-	Mnr. Sibanda 083 418 5579

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

2.9 BELANGRIKE DATUMS

30 September 2024	-	Koshuis open 14h00.
01 Oktober 2024	-	Skool open.

Die uwe,

MEV M KRÜGER
HOOF